SAKE 24 (Burger Oos Kaap), Saterdag
15 Oct 2011, p.11

Raak eers ontslae van jou skuld

Ek het R33 000 kontant wat ek wil spaar/belê. Ek wil ook maandeliks R1 000 by daardie bedrag voeg.

Wat moet ek met dit doen om oor nege jaar (ek sal dan 55 jaar oud wees) maksimum voordeel daaruit te kry?

Dit klink vir my die beste is om dit in 'n verbandrekening te betaal, maar wat is nog 'n goeie opsie? Ek kyk byvoorbeeld na Old Mutual se groeifonds. Ek is 46, binne gemeenskap van goedere getroud en werk wel, maar het nie 'n pensioenfonds nie. Ek beskou dit as 'n spaarrekening vir my.

Mnr. Gavin Came, voorsitter van die finansiële beplanningskomitee van die vereniging van finansiële tussengangers van Suider-Afrika, antwoord:

Die algemene advies is dat jy moet probeer om van jou skuld ontslae te raak, want die ideaal is om aftrede sonder skuld in te gaan. Met die R1 000 per maand kan jy 'n aftree-annuïteit of 'n gereelde bydrae tot 'n gebalanseerde effektetrust oorweeg.

Jy behoort 'n finansiële adviseur te raadpleeg omdat ons nie weet watter bates en laste jy nog het en wat jou inkomste en uitgawes is nie.

Dit is gevolglik baie moeilik om behoorlike advies te gee.